


# GENADE… BLY ONVERDIEND…

**Ysbreker**

Ek het groot geword in ‘n pastorie en ons was 3 seuns, my pa het altyd gesê dat as die kroeë en kuierplekke op ‘n Saterdagnag toemaak, kom slaap die duiwel in die pastorie en staan hy die Sondag-oggend op met die dominee se kinders! Want Sondagoggende was gewoonlik chaos in ons huis… alles het gewoonlik verkeerd geloop en kort voor lank was almal in mekaar se keelgatte af, baklei-baklei kerk toe! En as ons instap in die kerk was die soetgesig-maskers op die onskuldige bloedjies se gesiggies, botter kon in hulle monde smelt!

Vertel vir mekaar julle “horror”-stories oor Sondagoggende oppad kerk toe (*ek is oortuig die duiwel het ook in ander huise gaan slaap!*)!

Watter slegte gewoonte het dit by ons almal gekweek oor voorgee?

**VIDEO:** Kyk saam na **die 3 video-snitte uit What’s so Amazing About Grace**

- Wat het jou getref uit hierdie snitte?

Gesels oor die volgende gedagtes:

- Vir watter **“ungrace-full” optredes die afgelope week** moet jy om verskoning vra?

- Debbie Morris maak die opmerking dat **ons kinders** sien hoeveel genade het ons vir ander en met hoeveel genade hanteer ons hulle! As daar een plek is waar jy nie kan voorgee nie is dit met jou kinders (hulle weet!). Wat sien jou kinders op die oomblik? Watter impak dink julle kan ons genadevolle hantering van ons kinders op hulle hê? Gee vir mekaar praktiese raad hoe om dit te doen.

- Yancey sê: **“We are called to demonstrate sacrificial love to the world, to dispense God’s grace. *But the world doesn’t deserve it!* That’s the point of grace. No one deserves it. It’s free of charge, a gift of God, a counterforce against revenge and violence and evil.”** Hoekom is dit vir ons moeilik om opofferings te maak en om hierdie soort genade te leef? En hoe kan ons dit verander?

## Opweg met die Woord:

Lees **Johannes 4:1-29**

- Wat het jou die meeste getref in die lees van die gedeelte?

- Jesus se kontak met die vrou breek 'n klompie reëls en wette van sy tyd. Hy praat met 'n vrou, met 'n Samaritaan, met 'n sondaar. Hoekom dink julle steur Jesus hom glad nie aan hierdie geforseerde vereistes nie? (dink sommer ook aan ander verhale in die NT waar Jesus met mense werk)

- Watter verskonings het die vrou as Jesus – volgends haar, te naby aan haar kom? (Hoër graad vrae)

  - **v 9?** *Samelewings-reels en grense*
  - **v 11?** *Praktiese verskonings*
  - **v 12, 20?** *Godsdienstige beswatre en teologiese debatte*
  - **v 17?** *Rookskerms oor eie persoonlike situasie, relativeer ons sonde*

- Watter verskoning het ons as Jesus soms te naby aan ons kom en sy vinger op ons probleme en sonde sit?

Lees **Matteus 13:31-33**

- Watter belangrikse beginsel moet ons hier raaklees oor die koninkryk van God?

- Wat het dit met genade te doen?

**'n Groot samevatting**

Uit hierdie reeks oor genade, wat het jou die meeste getref? Wat het jou lewe verander? Watter challenges is daar vir jou, nou?

**VIR 'N DIEPER KYK NA JOUSELF :**

- **Dink aan die heel moeilikste situasie op die oomblik in jou lewe. Wat dink jy is moontlik as 'n klein saadjie van God se genade inkom binne in daardie situasie.**
- **Watter deel van my lewe het genade die meeste nodig?**

***Jy sal aanhou moet glo dat God jou met genade hanteer, jou uit genade (sonder verdienste) lief het en dat daar niks is wat jy ooit kan doen wat gaan maak dat God vir jou meer of minder lief gaan wees nie. Die groot uitdaging is om ander mense met dieselfde mate van genade te begin hanteer.***